Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 34, nr 16 Sondag 20 Mei 2018
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600** **Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
Koster Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte: Ouderlinge: **Nico Malan** B4, **Paul Schutte** B5; Diakens: **Jan de Vos,** B4, **Terence Kent** B5
Huis Eikelaan Ouderlinge: **Koos Theron** E3, **Frans Drijfhout** E4; Diakens: **Theunie Chamberlain,** E3
Nagmaalete om 12h00
Bussiediens: Vandag ry **Terence Kent** 072 617 7553
Sondag **27 Mei** ry Zurich Terblanche 083 968 6074

Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Ronald Bain

PINKSTER SONDAG - NAGMAAL

OGGEND: Skrifgedeelte: Lukas 5:1-11

Fokusgedeelte: Lukas 5:8

Tema: Innige gemeenskap met ons Verlosser aan sy tafel.

SING: Ps. 36:2,3, Ps. 69:1,3,13, Ps. 119:51,52, Ps. 23:1-3, Ps. 116:1 ev. Ps. 150:1-3

AAND: Skrifgedeelte: Jesaja 24:13-25:12
Fokusgedeelte: Jesaja 25:6,9
Tema: Versterk om uit te sien na die beloftes wat beseël is.
SING: Ps. 118:1-3, Ps. 18:1,14, Ps. 42:1,3,5

Dagboek

20 Mei: **Nagmaal**
Pinkster
25 Mei: **Gemeente-ete & Hamburgerbraai**

Die volgende 4 uitgawes van *Op die Kerkwerf* sal DV deur Attie Viljoen en Leana Mostert versorg word.
As u iets wil plaas kan u met een van hulle in kontak kom.
Leana Mostert by leanamostert2519@gmail.com
Attie Viljoen by attiemviljoen@gmail.com

LIEF EN LEED

Geen

VERJAARDAE GEDURENDE DIÉ WEEK

Ons wens doop- en belydende lidmate wat gedurende dié week verjaar baie geluk met hul verjaardag:

22 Mei **May Vorster,** Paganinistraat 39, ☎ 082 877 0647
24 Mei **Johan du Plessis,** Jack Pauwstraat 6, ☎ 084 250 9313
Barrie Langerak, Japonicastraat 25, ☎ 082 575 0964
Tyla Martens, Sol Plaatjiestraat 169, ☎ 082 675 5589
Marli Nortje, Eleazerstraat 31, ☎ 084 585 5991
26 Mei **Hannelie Bartlett,** D Astrisstraat 3, ☎ 062 036 6429

VAN ALLES EN NOG WAT

KOLLEKTES: Vandag en volgende Sondag: Onder die erediens vir **Emeritaatsfonds**.
Volgende Sondag se kollekte vir die **Deputate Jeugsorg.**

KATEGESE
Geen kategese as gevolg van ons Nagmaal
Woensdag om 14:15 vir Graad 8-10. 17:10 vir Belydenisklas by die pastorie.

BYBELSTUDIES Ons weeklikse Bybelstudies is soos volg:



Huis Eikelaan om 15:00 op Dinsdae
Jongmense om 18:30 op Woensdae in Jeugkamer.
Oggendbybelstudie Donderdae om 9:30 in konsistorie.
Donderdagaande om 18:30 in konsistorie.
Dinsdagaande van 18:30 tot 19:30. Bybelstudie vir ouers met klein kinders (0 tot 10 jaar) **Kontak** Jonker Venter (082 566 3216) vir meer inligting.

NAGMAALETES
Die kerkraad wil dit onder die gemeente se aandag bring dat die kostes van die etes veel meer beloop as die R30,00 per persoon. Lidmate wat hulle name opgee en dit bywoon, word vriendelik versoek om nie te vergeet om die bedrag wel af te dra by broer Johan nie. Diegene wat nie hierdie bedrag kan bekostig nie, is steeds hartlik welkom by die etes. Lidmate wat wel finansieel besonder geseënd is, word vriendelik versoek om asseblief 'n ietsie ekstra by te dra vir die etes. Sodoende kan ons al die uitgawes dek van die heerlike etes.

VERSORGING VAN EENSAMES
Die Diakonie het onlangs ’n groep of kommissie vir versorging van eensames in die gemeente in die lewe geroep. Ons doen ’n beroep op al die lidmate om ons op hoogte te hou van sodanige lidmate in die gemeente. Ons sal ook baie bly wees as daar lidmate is wat kan help met besoeke aan sulke eensames. Ons is ook opsoek na iemand wat ons kan help koördineer met siekebesoeke. Daar is baie lidmate wat individuele besoeke aflê, maar ons sou dit graag meer georganiseerd wou doen en probeer om sodoende meer lidmate te betrek. Skakel my asb Klaas Wyma(s), 084 802 3707

Statistiek vir Webblad GKPotchefstroom.co.za

	Bladsye Besoek	Besoekers	Nuwe Besoekers	Terugkeer Besoekers	Preke Afgelaai
Sept '17	554	262	100	162	191
Okt '17	614	302	150	152	182
Nov '17	551	253	129	127	207
Des '17	577	239	113	126	183
Jan '18	802	346	180	166	301
Feb '18	837	338	116	162	200
Mrt '18	1361	720	413	307	216
Apr '18	707	351	121	230	542

MAKING DISCIPLES IN AFRICA -DVD
In die kerk is daar al 'n geruime tyd DVD's te koop ten bate van Topia sending. Indien u so 'n DVD geneem het wil ons u tog herinner dat die

DVD's R100 kos. Dit is baie belangrik dat ons al die geld ontvang so spoedig moontlik. Gooi u R100 in die boksie of betaal in by die kerkkantoor.

KONINGSKINDERAKSIE
Hoërskoolaksie:
Wanneer: 25 Mei 2018
Waar: GK Potch Sentraal
Hoe laat: 16:30
Vervoer: 16:00

HEERLIKE KOEKIES TE KOOP

Fondse ten bate van Botha duToit
Botha is gekies vir die **Lewensreddings Presidentspan** wat in Junie in Nederland gaan deelneem. Die toer is ten volle betaalbaar deur die spanlid, koste beloop ongeveer R35 000.

Blikke – R135

De Luxe Box – R 145

OOSDOPPERS VIER EERSKOMENDE NAWEEK FEES!
Saterdag, 26 Mei gaan die Oosdoppers feesvier op die kerkterrein in Paryslaan, Bailliepark.
Die dag skop af met ’n heerlike boere-ontbyt waarna almal kan smul aan lekker eetgoed soos pannekoek, boereworsrolle, kerrie en rys, aartappelkrulle, sosaties, gebak en poeding.
Die hoofaantrekkingskrag bly egter die vleisverkoping, met kwaliteit maalvleis en ’n baie spesiale worsresep wat baie gewild en bekend onder Potchefstroom se inwoners geword het. Geen vooraf bestellings word geneem nie maak dus seker jy kom koop Saterdag 26 Mei.
Ander aktiwiteite sluit ’n handelshuis in, waar produkte teen lekker winskopies aangeskaf kan word en die Boeke-Oase, waar tweedehandse boeke verkoop gaan word.
Die kleingoed sal vermaak word in die grilgrot, ’n springkasteel en “rocket”, toets-jou-vernuf en ’n heerlike kinder- en speelgoed-tafel.
Die arenaprogram sluit ’n troeteldierskou, kleurpret, asook ’n vertoning van Woel en Werskaf se trompoppies in.
Inwoners kan gerus die feesvieringe in Paryslaan vanaf 08:00 saam geniet.

POTCHEFSTROOMSE MANNEKOOR
Die Potchefstroomse Mannekoor vier eersdaags hulle 35 ste verjaarsdag. ’n Dinee word die 26 ste
Mei 2018 gehou om 18:30 by die Roots teen R100 per persoon en die optrede is Sondag die 27 ste Mei 2018, 15:00 in die NG Kerk Miederpark (sien strooibiljet in die Kerkwerf). Almal is welkom by albei geleenthede. Kaartjies is ook by Klaas Wyma (084 802 3707) beskikbaar.

VANUIT DIE KERKVERBAND

BEROEPE ONTVANG

- Ds PR Gouws (Retief) van Pietersburg na Dendron/Magalakwin-kombinasie.

GEHOORSTUKKE VIR GEBRUIK IN DIE EREDIENS

Gehoorstukke wat 'n mens soos oorfone op jou ore plaas is beskikbaar by ons koster Pieter Bouwsema. Hierdie apparate is van besondere hoë kwaliteit en help dat 'n mens alles tydens die erediens helder kan hoor.

DIAKONIE SE KOSKAS

Ons kas word goed gebruik en ons is dankbaar vir elkeen wat bydra. Hierdie maand vra ons vir alles wat wit is: Pasta, rys, koekmeel, mieliemeel, suiker en sout. Moenie die toiletpapier en Handy Andy vergeet nie.

GEMEENTE-ETE NA NAGMAAL

Almal wat bespreek het is welkom om die Nagmaalete vandag by te woon. Indien u nie gewoonlik kom nie, wil ons u uitnooi om tog met volgende Nagmaal saam met ons te eet. Al kom daar baie mense, sal ons die saal tot oorlopens toe vol wil maak.

Kerk se bankbesonderhede	Inbetalings vir die Diakonie	Inbetalings vir die Susters
Rekening naam: Gereformeerde Kerk Potchefstroom Bank : ABSA Tomstraat Rek.no 680 340 137	Rekening naam: Diakonie GK Potchefstroom Bank: ABSA Tomstraat Rek.no 680 280 002	Rekening naam: Gereformeerde Susters Hulpdiens Bank: ABSA Tomstraat Rek.no 680 340 153